Die Voortrekkers

SUIDERKRUIS GEBIEDSGOEDGEKEURDE AKTIWITEIT
VRYDAG 4 MAART EN SATERDAG 5 MAART 2022

Beste Voortrekkers

Suiderkruis Voortrekkerkommando nooi julle hartlik uit na ons GGA by Laerskool Skuilkrans in Murrayfield, die naweek van 4 en 5 Maart 2022.

'n Lys van spesialisasies wat aangebied word met die koste en duur van elke kursus is aangeheg. Die lys van saambring benodigdhede sal per epos gestuur word saam met die bevestiging van u inskrywing.

Neem asseblief kennis: Daar is geen oorslaap fasiliteite beskikbaar nie, kinders gaan huis toe Vrydagaand en meld weer aan Saterdagoggend. Daar word Vrydag aandete en Saterdag middagete voorsien. Daar sal Vrydag en Saterdag 'n snoepie beskikbaar wees.

Voorsien asb ten minste een volwassene vir **ELKE** spesialisasie waarvoor ingeskryf word, behalwe by die Handwerk Gr3 kursus, waar een volwassene elke groep van 1 – 5 jeuglede moet vergesel. Volwassenes word versoek om te help om orde te handhaaf asook om hulp te verleen aan die jeuglede met opdragte wat hulle moet voltooi.

Die skakel vir inskrywings is http://bit.ly/SuiderkruisGGA. Inskrywings word slegs per die aanlyn vorm gedoen, **GEEN EPOS INSKRYWINGS SAL AANVAAR WORD NIE. INSKRYWINGS SAL SLEGS VAN INGESKREWE VOORTREKKERS AANVAAR WORD.** Alle volwassenes moet ook inskryf, die koste per volwassene beloop R85. Ouers wat die dag bywoon moet ook ingeskrewe voortrekkers wees, hulle kan as Jeugvriende registreer. Navrae in verband met inskrywings kan gerig word aan gga@suiderkruisvoortrekkers.co.za.

Die sluitingsdatum vir inskrywings is Vrydag 25 Februarie 2022 of as die maksimum aantal inskrywings vir 'n kursus bereik is. Van die kursusse is baie gewild en word vinning vol, skryf dus so spoedig moontlik in.

ALLE BETALINGS MOET ASB AAN U EIE KOMMANDO GEDOEN WORD. 'n Faktuur vir die volle bedrag per kommando sal gestuur word teen Dinsdag 2 Maart 2022. Die faktuur sal dien as bevestiging van die inskrywings wat vir die kommando ontvang is. **GEEN KANSELLASIES SAL NA DINSDAG 2 MAART AANVAAR WORD NIE.**

Navrae kan gerig word aan Pietrou Gie by 083 407 3020 of gga@suiderkruisvoortrekkers.co.za.

Ons sien uit daarna om u by ons te ontvang. Vriendelike groete

Freek Eek
Kommandoleier: Suiderkruis Voortrekkerkommando

Suiderkruis Voortrekkerkommando

Kuisis Weg 5
Brummeria

Kommandoleier: Freek Eek
Epos: kommandoleier@suiderkruisvoortrekkers.co.za

AKL Admin: Elize Henn
Epos: admin@suiderkruisvoortrekkers.co.za

Suiderkruis GGA 2022

Kursus	Koste	Maksimum Inskrywings	Tyd	Drag
Saterdag 5 Maart 2022				
Gr1 Tuinier	R165	–	Saterdag 08:00 – 15:00 Registrasie 07:00 – 08:00	Aktiewe Drag
Gr2 Dierewaarneming	R200	–	Saterdag 08:00 – 16:00 Registrasie 07:00 – 08:00	Aktiewe Drag
Gr5 Brandweer	R245	100	Saterdag 08:00 – 16:00 Registrasie 07:00 – 08:00	Aktiewe Drag
Gr8 – 12 Selfverdediging	R200	–	Saterdag 08:00 – 16:00 Registrasie 07:00 – 08:00	Aktiewe Drag
Gr8 – 12 Boogskiet	R280	20 (Minimum 6)	Saterdag 08:00 – 16:00 Registrasie 7:00 – 8:00	Aktiewe Drag
Vrydag 4 Maart & Saterdag 5 Maart 2022				
Gr3 Handwerk	R245	80	Vrydag 18:00 – 21:30 Registrasie 17:00 – 18:00 Saterdag 08:00 – 16:00	Vrydag Spandrag Saterdag Aktiewe Drag
Gr4 Groepspele	R245	–	Vrydag 18:00 – 21:30 Registrasie 17:00 – 18:00 Saterdag 08:00 – 16:00	Vrydag Spandrag Saterdag Aktiewe Drag
Gr6 & 7 Persoonlike Versorging	R245	20 (Slegs Drawwertjies)	Vrydag 18:00 – 21:30 Registrasie 17:00 – 18:00 Saterdag 08:00 – 16:00	Vrydag Spandrag Saterdag Aktiewe Drag
Gr6 & 7 Paraatheid	R245	–	Vrydag 18:00 – 21:30 Registrasie 17:00 – 18:00 Saterdag 08:00 – 16:00	Vrydag Spandrag Saterdag Aktiewe Drag
Gr6 & 7 Gedenkwaardighede	R280	15	Vrydag 18:00 – 21:30 Registrasie 17:00 – 18:00 Saterdag 08:00 – 16:00	Vrydag Spandrag Saterdag **Formele Drag**
Gr8 – 12 Vuurwapens	R280	30	Vrydag 18:00 – 21:30 Registrasie 17:00 – 18:00 Saterdag 08:00 – 13:00	Vrydag Spandrag Saterdag Aktiewe Drag
Gr8 – 12 Manne en vroue van die Bybel	R200	–	Saterdag 08:00 – 16:00 Registrasie 07:00 – 08:00	Vrydag Spandrag Saterdag Aktiewe Drag